| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 12 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS**:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A**: Leesbegrip | (30) |
| **AFDELING B**: Opsomming | (10) |
| **AFDELING C**: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE** afdeling op ’n **NUWE** bladsy.
4. Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
5. Trek ’n streep ná elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord soos dit op die vraestel genommer is.
7. Laat ’n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk deeglike aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling:

   **AFDELING A**: 50 minute

   **AFDELING B**: 30 minute

   **AFDELING C**: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar in **BLOU** ink.

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Bestudeer die onderstaande tekste, **TEKS A en TEKS B**, en beantwoord die vrae.

### TEKS A: ARTIKEL

# Vaarwel, gesin

1. Die moderne samelewing en veranderde waardes dra daartoe by dat mense die lewe op ’n nuwe manier benader. Gesinsbande is dikwels minder belangrik en baie mense kry hul ondersteuning op ander maniere. In die immergewilde TV-reeks *Friends* behoort die karakters tot ’n vriendekring wat vir hulle soos ’n gesin is. Deesdae vind al hoe meer mense hul “gesin” by vriende en gevolglik is gesinsvervreemding besig om toe te neem.

2. Wanneer gesinslede van mekaar vervreem, beteken dit dat kontak tydelik of permanent met sommige of al die lede van die gesin verbreek word. Die verbreking of vervreemding kan geleidelik of skielik gebeur en is gewoonlik die gevolg van onopgeloste langtermynkwessies. Gesinsvervreemding kan ook beteken dat jy minder tyd saam met jou gesin deurbring deur jouself fisiek en/of emosioneel te distansieer. Of jy kan sekere lede van die gesin verwerp, terwyl jy weer kontak met ander gesinslede behou.

3. Waarom gebeur dit dat gesinslede soms uitmekaar spat? Daar is baie redes wat tot die skeuring in gesinne kan lei. Voorbeelde sluit die volgende in: mishandeling, verwaarlosing, aggressie, die begunstiging van sekere kinders bo ander, onderlinge wedywering tussen broers en/of susters en wanneer mense konstant afgebreek of verskille nie gerespekteer word nie. Die ongelukkigheid van ’n egskeiding kan daartoe lei dat een van die ouers van die kind of kinders vervreem. Dan is daar nog geldelike uitbuiting, verskille rondom waardes en lewenstyl, veral politiek, godsdiens, beroepskeuses en keuses van huweliksmaats.

4. Waarom is gesinsvervreemding soms nodig? Volgens kenners is gesinsvervreemding dikwels noodsaaklik omdat die gesin nie langer ’n veilige ruimte bied nie en die situasie ongesond is, veral wanneer daar gepoog is om te versoen en dit nie gewerk het nie. Baie gesinsituasies is <u>toksies</u> en dit kan daartoe lei dat individue se geestesgesondheid negatief beïnvloed word. Sommige mense wat in ’n verhouding met ’n narsis vasgevang is, of persoonlikheidsversteurings soos grenspersoonlikhede of gedragsversteurings het, kan nie verander nie. As ’n mens in so ’n verhouding bly, kan dit veroorsaak dat jy aan mishandeling blootgestel bly. Die individu se geestesgesondheid word negatief beïnvloed en dit kan selfs tot selfdood of ’n gesinsmoord lei. Voeg nog by hierdie voorbeelde voortdurende fisieke of verbale mishandeling tussen gesinslede, behoort jy te weet dat die rooi ligte flikker en dat jy gesinsvervreemding behoort te oorweeg.

5. Om jou gesin permanent of tydelik vaarwel toe te roep is nie maklik nie en het bepaalde kenmerke en uitdagings. Die individu wat hom-/haarself in ’n ongelukkige gesinsituasie bevind en hom/haar dan van sy/haar gesin vervreem, sal partykeer baie woede en

aggressie ervaar. Individue kan op die lange duur sukkel om positiewe verhoudings te bou. Mense is in wese sosiaal en daarom kan vervreemding van hulle gesinne tot afsondering en vereensaming lei. In die ergste gevalle kan individue hulle van hulleself vervreem, wat uiters ongesond is. Dié wat hulle van hulle gesinne vervreem, kan in die toekoms verhoudingsprobleme ontwikkel, omdat hulle nooit 'n hegte band met hulle gesinne gevorm het nie. Woede-uitbarstings en depressie kan hul voorland wees; gevolglik kom hulle dikwels voor geweldige geestesgesondheidsuitdagings te staan.

6. Wanneer gesinslede vervreemd van mekaar raak, is versoening nie altyd moontlik nie, aangesien vervreemding 'n <u>afbreking van kommunikasie</u> is. Om te verhoed dat kommunikasie finaal verbreek word, is dit soms nodig om te vergewe en die strydbyl te begrawe en met mekaar te kommunikeer. Wees versigtig om nie net altyd op die verdediging uit te wees en bloot aannames te maak nie. As jy jou in 'n situasie van vervreemding bevind, moet dit op die gesondste manier moontlik geskied. Oop kommunikasie is belangrik. Hou in gedagte dat om jou totaal van jou gesin af te sny, dit die laaste uitweg behoort te wees. Bloed kruip waar dit nie kan loop nie.

7. Kommunikasiefoute wat tot vervreemding kan lei, sluit bv. die volgende in: Afbrekende kritiek, <u>minagtende kommunikasie</u>, om verdedigend te wees en nie verantwoordelikheid vir verkeerde optrede te aanvaar nie, om stilstuipe te kry en om teenaanvalle van stapel te stuur wanneer foute uitgewys word. Sielkundiges en terapeute kan mense help om moeilike gesprekke, wat gewoonlik op 'n bakleiery uitloop, op 'n beskaafde wyse te voer.

8. As jy geen ander uitweg sien as om jou van jou gesin te vervreem nie, is dit belangrik om nuwe ondersteuningstelsels te ontwikkel – soos kerkgroepe en vriendekringe. Daar is geen twyfel dat vriende in baie gevalle "gesinsfamilie" word nie. Hierdie gesinsfamilie kan dieselfde funksie as 'n goeie bloedgesin vervul.

*[Verwerk uit: Rooi Rose. Oktober 2022]*

1.1 Wat dra daartoe by dat mense die lewe op 'n nuwe manier benader? (2)

1.2 Waarom is gesinsvervreemding volgens paragraaf 1 besig om toe te neem? (1)

1.3 Wat is dikwels die oorsaak dat gesinne volgens paragraaf 2 skeur? (1)

1.4 Wat impliseer dit om jou (1.4.1) fisiek en (1.4.2) emosioneel van jou gesin te distansieer? (2)

1.5 Watter teenstelling is in die laaste sin van paragraaf 2 opgesluit? (1)

1.6 Skryf TWEE opeenvolgende woorde in paragraaf 3 neer om aan te dui dat kinders wat met mekaar kompeteer, gesinsvervreemding kan veroorsaak. (1)

1.7 Waarom is die onderstaande stelling 'n geldige argument?

Gesinsvervreemding is dikwels onvermydelik. (2)

1.8 Verduidelik waarom die onderstreepte woord in paragraaf 4 **konnotatief** bedoel word. (1)

1.9 Sekere tipe mense se persoonlikhede kan nie verander nie. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Watter emosies kan ’n persoon, wat nie meer in verbinding met sy/haar gesin wil wees nie, ervaar? (2)

1.11 Verduidelik die sosiale gevolge wat dit vir ’n individu kan inhou wanneer hy/sy tog besluit om hom/haar van sy/haar gesin te vervreem. (2)

1.12 Hoe kan ’n persoon probeer om inskiklik te wees wanneer hy/sy van sy/haar gesin vervreem is? (2)


1.13 Verduidelik die verskil tussen die twee onderstreepte gedeeltes in paragrawe 6 en 7 onderskeidelik. (2)

1.14 Wie kan jou, behalwe kerkgroepe en vriendekringe, nog van hulp wees tydens gesinsvervreemding? (2)

1.15 Hoe sal jy gesinsvervreemding probeer voorkom? (1)

**EN**

**TEKS B: VISUELE TEKS**




*[Verwerk uit: Google images]*

1.16 1.16.1 Watter visuele verskil is daar tussen die emosies van die man in raampie 1 en die gesin in raampie 2? (1)

1.16.2 Die man in raampie 1 maak hom aan 'n bepaalde optrede skuldig. Haal 'n frase in paragraaf 4 (TEKS A) aan om hierdie stelling te staaf. (2)

1.17 1.17.1 Identifiseer 'n woord in paragrawe 4 – 5 (TEKS A) om die man in raampie 3 te beskryf.

1.17.2 Motiveer jou antwoord. (2)

1.18 1.18.1 Die dames in raampie 4 is susters. Waarom dink jy is daar nie spanning tussen hulle nie? (1)

1.18 2 Watter woord in paragraaf 6 (TEKS A) is vir die dames baie belangrik in hulle verhouding? (1)

**[30]**

## TOTAAL AFDELING A: [30]

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

1. Lees die onderstaande teks en maak ’n opsomming van **SEWE wenke oor die manier waarop ons die omgewing teen plastiekbesoedeling kan beskerm**.
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde en in volsinne wees.
3. Die opsomming mag nie meer as 90 woorde wees nie en moet in paragraafvorm geskryf word.
4. Dit is nie nodig om die opsomming ’n titel te gee nie.
5. Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.
6. Maak seker dat jy jou beplanning doodtrek.

### TEKS C

**Beskerm die omgewing teen plastiekbesoedeling**

Dit is algemeen bekend dat plastiekbesoedeling krisisafmetings aanneem. Ons kan nie maar net toekyk hoe plastiekrommel die wêreld vol waai nie – dit is elkeen se plig om te sorg dat die omgewing plastiekvry is. Kyk maar oral rondom jou en jy sal sien hoe die “plastiekversierings” op sypaadjies, in die strate en by parkeerareas lê. Steek maar jou trots in jou sak en tel plastiekrommel in die straat op en gooi dit in die vullisdrom.

Is dit regtig nodig om inkopies in plastieksakke te pak? Neem lapsakke saam winkel toe. Deur jou eie sakke winkel toe te neem, stel jy ’n voorbeeld aan omstanders wat sien dat jy vir die omgewing omgee en dat jy ’n voorbeeldige en gehoorsame landsburger is.

Nadat jy inkopies gedoen het, drink jy koeldrank in ’n restaurant. Dring by die kelner of kelnerin daarop aan dat hy of sy vir jou, saam met jou koeldrank, ’n glas moet bring en nie ’n plastiekstrooitjie nie. Drink jou koeldrank uit ’n glas sonder ’n strooitjie. As jy nie tyd het om koeldrank in ’n restaurant te drink nie, koop vir jou koeldrank langs die pad, maar in ’n glasbottel en nie ’n plastiekbottel nie. Laat staan die plastiekbottels. Koeldrank uit ’n glasbottel is gesonder.

Jy ry huis toe. In die motor lê plastiekhouers en -sakkies. Dit is onaanvaarbaar om die venster oop te draai en die plastiekrommel in die straat te gooi. Dit is lelik, swak maniere en die straat lyk onnet. Die kans dat iemand dit gaan optel, is baie skraal. Sodra jy by die huis stilhou, kan jy die motor skoonmaak.

Gedurende die vakansie is dit braaityd by vakansieoorde. Die vleis is in plastiekverpakkings. Talle braaiers haal die vleis uit die plastiekverpakkings en gooi dit in die veld langs die braaier, in plaas van in die vullisdrom. Diere vreet die sakke wat nie verteer nie en vrek daarvan. Die vleis is gaar en dit is etenstyd. Moenie plastiekeetgerei gebruik wanneer dit etenstyd is nie. Dit gaan weggegooi en deur die wind rondgewaai word.

’n Plastiekvrye omgewing is ’n skoon omgewing.

*[Verwerk uit: Plastiekbesoedeling | Leeupoort]*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

**TEKS D**



# GROOT Afrikaanse skryfkompetisie!



As woorde jou bekoor, is daar nou 'n geleentheid om deel te neem aan 'n groot aanlyn Afrikaanse skryfkompetisie wat op **4 Julie 2024** begin.



## R200 000 se pryse is op die spel!

**Pryse sal aan die top 10-deelnemers toegeken word. Wenners en hulle metgeselle word na afloop van die kompetisie na 'n Gala-prysuitdelingsnaweek by 'n 5-ster hotel genooi.**

Deelname is onderhewig aan aansluiting by ons Facebook-groepe:

- **SKRYF JOU STORIE** se skakel: https://www.facebook.com/groups/993537684068068/
- **BEGINNERS EN BEGAAFDES** se skakel: https://www.facebook.com/groups/1025433287504287/
- **Inskrywingsfooi:** Gratis.
- Die sluitingsdatum vir registrasie is **26 Junie 2024**. GEEN laat inskrywings sal aanvaar word nie.

Meer inligting, asook die kompetisiereëls, sal op die groepe geplaas word. Vir verdere inligting, kontak https://www.facebook.com/groups/993537684068068/
**STEPHNE.** by 064 919 5995. (Ma. – Vr. : 08:00 – 16:00)

Afrikaanse aspirantskrywers:

Indien jy dink dat jou kortverhaal of kortverhale erkenning (3.5 ) ... , is ons nuwe kompetisie beslis vir jou!

Prysgeld word geborg deur: *Die Waarheid Media*.

*Toe, toe!*
*Moenie tyd verspeel nie! Gryp jou griffel, foon of rekenaar en begin met woorde toor!*

*[Verwerk uit: Die Waarheid. 11 Maart 2021]*

3.1 Skryf **TWEE** maniere neer waarop die opskrif van die advertensie die aandag van die leser trek. (2)

3.2 Hou die advertensie enige beloftes vir die persoon wat vir die skryfkompetisie wil inskryf, in? Motiveer jou antwoord. (2)

3.3 Stem jy saam met die stelling dat die adverteerder seker maak dat jy nie probleme sal ervaar om vir die skryfkompetisie in te skryf nie? Motiveer jou antwoord. (2)

3.4 Watter woorde gebruik die adverteerder om voorgenome skrywers aan te moedig om aan die kompetisie deel te neem? (1)

3.5 Voltooi die sin deur die korrekte werkwoord neer te skryf. (1)

3.6 Wat beteken dit “om jou griffel te gryp?” (1)

3.7 Lewer positiewe of negatiewe kommentaar oor die uitleg van die advertensie. Gebruik die opskrif POSITIEWE KOMMENTAAR of NEGATIEWE KOMMENTAAR. (1)

**[10]**

**EN**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.

# BELANGRIKE AANKONDIGING

**TEKS E**




*[Verwerk uit: Die Burger. 21 April 2020]*

4.1 Waarom beklemtoon die onderwyseres die woorde "**lees**" en "**skryf**" wanneer sy met die leerlinge praat? (1)

4.2 Tot watter woordsoort behoort die onderstreepte woord in Chris Klopper se aankondiging? (1)

4.3 Kies die korrekte antwoord deur net die vraagnommer (4.3) en die letter (A – D) neer te skryf.

**Nie noodsaaklike dele van die kurrikulum kan moontlik uit die skoolleerplan gelaat word**, omdat ...

A lees en skryf nie meer van belang is nie.
B daar dele is wat nie meer tersaaklik is nie.
C toepaslike dele reeds in die leerplan ingesluit is.
D onbekende vakke nie van belang is nie. (1)

4.4 Watter twee woorde in Chris Klopper se aankondiging beteken presies dieselfde? (2)

4.5 Hoe sal jy die ingesteldheid van die twee seuns (by die venster) teenoor die onderwyseres se aankondiging in die klaskamer beskryf? (1)

4.6 Watter visuele voorbeelde is 'n aanduiding dat die dissipline in die Afrikaansklas prysenswaardig is? (2)

4.7 4.7.1 Hoe sal jy die uitdrukking "Onderwys is in 'n klas van sy eie" aan iemand verduidelik?

4.7.2 Gebruik die woord "twyfel" as 'n afleiding in 'n sin. (2)

**[10]**

**VRAAG 5: PROSA**

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

# Die oeroue kremetartboom

1. As 'n mens tussen al die <u>boomsoorte</u> in die bosveld moet kies, sal dit ongetwyfeld die kremetart wees. Volgens oorlewering is hierdie reuseboom met sy wortelagtige takke **onderstebo** deur die hiënas geplant.

2. Die gode het aan alle diere saad uitgedeel om te plant. Omdat die hiënas vies was omdat hulle laaste in die tou gestaan het, het hulle die saad van die kremetart onderstebo geplant!

3. Die vrugte van die kremetart is groot, mangovormig en bedek met groen tot bruin hare, na gelang van hoe ryp dit is. Die vleis van die vrug, asook die sade, bevat wynsteensuur.

4. Die vrug, (5.5) <u>wat ryk aan vitamine C is</u>, kan 'n verfrissende drankie word deur die vleis met water te meng.

5. Hierdie drankie word boonop aangewend om koors te behandel en te verlig. Gedurende die eerste wêreldoorlog is die vrugvleis met die bak van brood as plaasvervanger vir suurdeeg gebruik. Bobbejane en ape eet graag die vrugte.

6. Die sade in die vrug kan gesuig word om dors te (5.7.1) ... en kan gerooster en fyngemaal word as plaasvervanger vir koffie. Fyngemaalde sade kan in sop gebruik word.

7. Kremetartbome kan tot 4 000 jaar oud word.

*[Verwerk uit: Die Veldwagter Stap Saam. Emmett & Pattrick. 2012]*

5.1 5.1.1 Is die onderstreepte woord in paragraaf 1 ’n voorbeeld van ’n afleiding, samestelling of ’n samestellende afleiding?

5.1.2 Motiveer jou antwoord. (2)

5.2 5.2.1 Benoem die vetgedrukte woordsoort in paragraaf 1 (reël 3) volledig en,

5.2.2 gebruik die antoniem van die woord in ’n sin. (2)

5.3 Verdeel die woord “hiënas” in lettergrepe. (1)

5.4 Skryf ’n voorbeeld van die infinitiewe vorm in paragraaf 2 - 3 neer. (1)

5.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.5) en die letter (A – D) neer.

Die onderstreepte sin in paragraaf 4 is ’n ...

A bywoordelike bysin.
B byvoeglike bysin.
C saamgestelde sin.
D gesegdesin. (1)

5.6 Verbeter die spelfout in paragraaf 5. (1)

5.7 5.7.1 Voltooi die sin in paragraaf 6 deur slegs die ontbrekende werkwoord neer te skryf.

5.7.2 Gebruik die homoniem van die woord in ’n sin. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

© SACAI KOPIEREG